




# Die Maand Wat Was


## April 2014 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

### Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Maart 2014

#### Langtermyn pj van 1900 tot einde 2013



Bron: Credit Suisse





Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar in lyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2013) presteer.

### Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

#### 12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik – die konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, die gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling aan aandele en 'n die groei portefeulje het 66% blootstelling aan aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

## Maart 2014 - Die Maand Wat Was

### Die Keuses wat Beleggers het

Beleggings word gereeld beskryf as die proses om nou geld opsy te sit met die verwagting dat jy meer geld in die toekoms gaan terugkry. Warren Buffett glo egter dat jy die toekomstige koopkrag van die geld wat jy nou wegsit, na belasting, by hierdie verwagting moet voeg. Die verwagting moet wees dat die geld wat jy in die toekoms na kostes, belasting en inflasie terugkry, vir jou meer koopwaarde gee as wat jy aanvanklik prysgegee het. Dit kom dus daarop neer dat jy jou verbruik nou uitskuif (gee 1 cappuccino nou prys) sodat jy meer (2 of meer cappuccino's) in die toekoms kan bekostig met die geld wat jy weggesit het – daar moet ten minste 'n redelike verwagting wees dat hieraan voldoen gaan word.

Die risiko van 'n belegging hang nie af van (tydelike) markbewegings - op of af - nie, maar hang af van die redelike verwagting dat die belegging met die verswakking in die koopkrag van geld tred gaan hou oor periodes van tyd. Die werklike risiko vir alle beleggers is dus dié belegging wat daartoe lei dat die eienaar van die belegging sy/haar koopkrag sal verloor oor 'n periode van tyd. Die feit dat die waarde van bates wisselvallig kan wees oor korter en ook oor langer periodes, beteken nie dat die belegging riskant is nie – mits die redelike verwagting in plek bly dat die koopkrag gaan tred hou oor die periode van die belegging. Net so kan bates waarvan die pryse en waardes nie fluktueer nie, steeds groot risiko inhou!

Buffett gaan dan voort om beleggings in drie kategorieë in te deel:

1. **Rente-beleggings:** Dit sluit enige belegging in enige geldeenheid in wat rente verdien (onder andere deposito's by banke, geldmarkfondse en inkomstefondse). Hierdie beleggings word gewoonlik beskryf as veilig terwyl Buffet meen dat dit van die meer riskante beleggings is. Hy meen dat, hoewel hierdie beleggings nie wisselvallig in waarde is nie, dit uiters riskant is. Die geskiedenis wys dat hierdie beleggings oor tyd nie met die koopkrag van geld kan tred hou nie.

**Kommentaar:** Die afgelope 113 jaar (sedert 1900) was die gemiddelde inflasiekoers 5,3% terwyl die rentekoers 6% was. Die afgelope 5 jaar was die gemiddelde inflasiekoers 6%, terwyl die rentekoers 5,4% was. As jy dus kyk na die opbrengskoers (rente verdien) en jy trek kostes en belasting daarvan af, het jy gefaal daarin om inflasie te klop. Voeg hierby dan nog die wisselkoers risiko (waarde van die Rand), regerings wat geld druk indien hulle in die moeilikheid beland en die vertrekpunt dat die instelling wat die rente betaal, in die moeilikheid kan kom. Sonder die redelike verwagting om inflasie te klop, sal beleggings waar jy rente verdien, volgens Buffet se definisie, nie as 'n belegging beskou kan word nie.

Buffet haal die ou gesegde aan dat rentebeleggings geadverteer word as “risiko vrye opbrengs” terwyl die belegger in der waarheid 'n “opbrengsvrye risiko” verdien.

2. **Bates wat niks produseer nie:** Dit is bates wat nooit iets produseer nie, en word slegs gekoop omdat die koper hoop dat iemand in die toekoms meer daarvoor gaan betaal as wat die prys nou is – hoewel almal weet dat die bate in werklikheid onproduktief is. Voorbeelde hiervan was tulpe in die 17de eeu in Holland, goud vandag, haaitande in sekere kulture – basies enige bate waar die produksie van die bate nie gekoop word nie, maar die idee dat meer mense in die toekoms hierdie lewelose bate gaan koop in die hoop dat nog meer mense dit eendag by hulle gaan koop en dat hierdie proses so gaan aanhou vermenigvuldig. Die feit dat die waarde opgaan, beteken nie dat dit nou 'n belegging is nie – die gesegde dat “slim mense aan die begin doen wat idiote aan die einde doen” verduidelik gewoonlik waarom die massas gewoonlik die dalings in prys van die onproduktiewe bates die ergste ervaar. Onthou – 1 ons goud gaan oor 'n 100 jaar steeds net 1 ons goud bly!

Kommentaar: Die Suid-Afrikaanse landskap is besaai met onproduktiewe bates en instrumente wat verkoop word op die basis dat daar eendag meer en meer mense gaan wees wat dit wil besit as vandag – terwyl almal weet die onproduktiewe bate gaan onproduktief bly. Vrees is in die verlede met groot sukses in Suid-Afrika gebruik om die bemerkingsveldtogte lekker te ondersteun. Goue munte het veral baie populêr begin word en tyd sal wys hoe produktief hierdie bates werklik was.

3. **Produktiewe bates:** Buffet lig besighede, plase en kommersiële eiendom uit wat die vermoë het om in tye van hoë inflasie steeds produksie te kan lewer sonder om te veel addisionele kapitaal te vereis. Of die modes of betaalmiddele oor 'n 100 jaar nou goud, tulpe, haaitande of 'n stukkie papier is – mense gaan bereid wees om te betaal vir 'n koeldrank of lekkerny. Soos mense meer word, gaan die vraag na goedere en dienste toeneem en besighede gaan aan hierdie groter vraag van die bevolking moet voldoen. Hierdie industriële koeie (besighede) sal nog vir dekades aan die vraag na melk (goedere en dienste) moet voldoen. Om nou hierdie bates as riskant te beskou, is foutief – al gaan die pryse van hierdie beleggings partykeer op en ander kere weer af.

Kommentaar: Oor die afgelope 113 jaar, het beleggings in Suid- Afrikaans genoteerde bates (besighede) vir die belegger gemiddeld 12,5% per jaar gelewer teenoor die 5,3% inflasie oor hierdie periode. Oor die afgelope 10 jaar het beide aandele en kommersiële eiendom vir Suid- Afrikaanse beleggers rondom 20% gelewer, beduidend meer as die inflasiekoers van 5,8% oor dieselfde periode.

Warren Buffett glo dat beleggings in produktiewe bates (waar pryse en markte daaglik, weeklik, maandeliks, jaarlik fluktueer) steeds die veiligste is!

## Vyf Mites oor Geld

Mense het gewoonlik 'n paar mites oor geld waarin hulle vas glo. Hierdie mites is in baie gevalle waar, maar daar is ook gevalle waar hierdie mites eenvoudig nie water dra nie. Hier is 5 sulke mites wat nie noodwendig waar is nie en wat, in baie gevalle, eenvoudig nonsens is!

1. **As jy meer geld verdien, gaan jy gelukkiger wees** - In baie gevalle is dit eerder 'n geval van hoe meer ek verdien, hoe meer gee ek uit met 'n baie klein verskil in die vlak van my geluk. Op intreevlak is dit wel waar, soos Louis Fourie, van "The Logic Filter" dit stel "as jy moet loop, maak 'n fiets 'n groot verskil, net so maak 'n motor 'n groot verskil vir iemand wat voorheen moes loop, maar die verskil tussen 'n 1600 cc en 2 liter enjin se impak op geluk is baie klein". Soos jou inkomste verhoog, kom daar 'n punt waar die addisionele inkomste 'n weglaatbare klein effek op jou verdere geluk het en selfs 'n punt waar die ekstra kapitaal geen verhoging in geluk meebring nie.
2. **My kinders is my finansiële prioriteit** – Dit is jou plig om in jou kinders se basiese behoeftes te voorsien, maar nie noodwendig die luukse addisionele mode-items nie. Ek sien ook al meer gevalle waar ouers besig is om hul aftrekgeld te spandeer op hul kinders – hetsy aan kinders se luukse modegiere of kinders wat bloot te lank uit hul ouers se beursies lewe. Daar kom 'n punt waar kinders nie net uit die huis geskop moet word nie, maar ook uit hul ouers se beursies gegooi moet word.
3. **Skuld is altyd sleg** - Die vertrekpunt bly dat skuld te alle tye vermy en afbetaal moet word – veral as dit gaan oor verbruikersbesteding. Dit maak mos nie sin om jou kruideniersware of Paasnaweek oor 15 jaar af te betaal nie (deur dit op jou huislening te konsolideer). Daar is egter vorme van goeie skuld – studieskuld (waar jy in jouself belê sodat jy later 'n groter inkomste kan verdien) of die koop van 'n produktiewe bate (plaas, kommersiële eiendom, besigheid).
4. **Geld is die oorsaak van alle euwel** - Geld opsig self is nie goed of sleg is nie, dit is wat jy daarmee doen en hoe jy dit bekom het, wat die bepalende faktor is. As jou hele lewe draai rondom geld en die bymekaar maak daarvan – wel dan is dit 'n euwel, maar as dit die normale uitvloei is van jou harde werk, kan dit sekerlik nie 'n euwel

wees nie. Daar is sekerlik welvarende skelms, maar net so is daar welvarende eerbare mense – net so is daar arm eerbare mense en arm skelms!

5. **My werkgewer se aftreefonds sal genoeg geld vir my aftrede voorsien** - Die nuwe geslag aftreefondse is vergelykbaar met 'n beleggingsfonds en al die gewone risikos wat daarmee saamgaan. Dikwels is die gesamentlike bydraes deur jouself en jou werkgewer tot die spaar gedeelte van die aftreefonds heeltemal te min om genoeg fondse te akkumuleer om jou te verseker van 'n sorgvrye aftrede. Vandag is lang loopbane by net een of twee werkgewers ook 'n uitsondering. Dit is dan ook algemeen dat wanneer mense van werk verander die beskikbare aftreegeld dadelik gebruik word om allerlei "nood" gate toe te stop (dit gaan dalk in die toekoms moeiliker wees) in plaas daarvan om dit te spaar. Maak maar eerder gouer as later seker dat jy wel genoeg geld sal hê om gemaklik af te tree.

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: [Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za) of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: [nuusbrief@sakegesprek.co.za](mailto:nuusbrief@sakegesprek.co.za).***

Mooi loop!

Theo Vorster

[Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za)

**Volg ons op  
TWITTER**



**Volg ons op twitter @sakegesprek vir program  
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus**

Die volgende **Sakegesprek** reeks word beplan vanaf middel **2014** en strek weer oor 13 weke. Soos met die afgelope 52 episodes, gaan Theo poog om met vooraanstaande sakeleiers te gesels oor hul loopbane, suksesse en leierskap. Ons gaan in hierdie reeks die net bietjie wyer gooi en ook praat met mense wat in ander velde suksesvol is, maar tog ook waardevolle lesse het wat ons elkeen in ons eie loopbane en besighede kan toepas. Kontak my gerus as julle enige voorstelle het van persone met wie ek onderhoude kan voer?

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur ([www.galileocapital.co.za](http://www.galileocapital.co.za)). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: [Theo@galileocapital.co.za](mailto:Theo@galileocapital.co.za).